# 2

# Die kat kom weer

Die eerste oggend wat die skool weer begin, staan ek met 'n swaar hart op.

Ek het so uitgesien daarna om saam met Annabel in die klas te wees, en nou is sy weg.

Die skool is net drie blokke van ons huis af en die kinders van Dahliastraat stap gewoonlik saam skool toe. Ek gee vir Cornelius, my goudvis, 'n knippie viskos en kry my boeksak reg.

"Jannus!" skree Ma vanuit die kombuis toe ek met die trap afkom van my solderkamer bo in die dak van ons huis. "Jy moet 'n oog op Mila hou!"

Jannus klap die voordeur toe, amper in my gesig. "Meisiekinders!" brom hy vies.

Asof hy my kan oppas. Nee jinne, as daar

’n boef kom is Jannus die eerste een om weg te hardloop. Seunskinders is niks werd as daar regtig moeilikheid is nie. Dis nou as hulle nie self al die moeilikheid veroorsaak nie!

Maar voor in die straat wag daar vir my ’n verrassing. **ANNABEL!**

Sy is netjies uitgevat in die donkerblou romp en wit hemp met die wapen van LAERSKOOL DENNEKRUIN op die sak geborduur. In haar hand dra sy ’n netjiese skooltas. Dit lyk swaar.

Ek gee ’n gil van blydskap en gee haar ’n stywe druk. “Jy lyk piekfyn!” sê ek verlig. Laas toe ek haar gesien het, het sagte swart pels oor haar hele lyf begin groei en sy het lang snorbaarde op elke wang gehad. Haar ore was spits en haar groen oë was heeltemal te groot.

Nou lyk sy weer soos ’n heel normale dogtertjie!

“Mensword-medisyne?” vra ek en knipoog vir haar.

“Ek wil liewer nie daaroor praat nie,” sug sy.

Saam stap ons aan skool toe.

Noudat Annabel weer terug is, kry ek kans om my oor nuwe probleme te begin bekommer.

Annabel kan skryf, dit weet ek, want sy het voorheen al vir my briefies in my kamer gelos. Maar hoe goed kan sy lees? En somme? Wat het sy in haar vorige **KAT-LEWE** geleer wat haar kan help in die skool?

En, veel erger as dit: sal sy haar kan gedra soos 'n regte kind, of gaan sy weer begin om haar ou **KAT-STREKE** uit te haal? Dis gevaarlik vir haar, want **KAT-GEDRAG** verander haar weer terug in 'n kat. Dis mos hoekom haar snorbaarde laas keer weer begin groei het.

"Annabel," sê ek versigtig, "dink jy dat jy reg is vir skool?"

Sy kyk my vies aan. "Natuurlik! Katte is slimmer as mense. Eintlik is dit nie eers nodig dat ek skool gaan nie. Hoe moeilik kan dit wees?"

Ek dink aan somme en speltoetse.

"Baie moeilik!" waarsku ek.

Maar Annabel swaai haar swaar tas al in die